# Eldo-Gespreksgids

Matt. 20

Ons het laas week met 'n nuwe preekreeks begin: "Stories wat lewens verander." In hierdie preekreeks staan ons bietjie stil by van die gelykenisse wat Jesus vertel het. Dié week het ons gaan kyk na die gelykenis van die Arbeiders in die Wingerd in **Matteus 20:1-16.** In hierdie gedeelte, sien ons hoe Jesus die snaakse woorde gebruik van "die wie laaste is, sal eerste wees, en die wie eerste is, sal laaste wees." Wat bedoel Hy hiermee? As ons bietjie gaan kyk na Matteus 19, kry ons 'n paar leidrade. In Matteus 19:13-15, sien ons hoe Jesus die kindertjies, die wie die laagste in die samelewing was (geen status of rang gehad het nie), seën en sê die koninkryk van God behoort aan mense soos hulle. Dieselfde gebeur in Matteus 19:16-30 waar daar 'n ryk jong man na Jesus toe kom en vra hoe hy die ewige lewe kan verkry, waarop Jesus antwoord: hy moet al sy besittings verkoop en die geld vir die armes gee. En hier begin ons dan 'n patroon sien: dié wat die koninkryk van God gaan betree is kinders (dié wie nie status het nie) en die armes (dié wie nie besittings of baie geld het nie). Vir dié wie dit moeilik is, is dit wie juis baie status en rykdom het.

En dit bring ons terug by die gelykenis van die Arbeiders in die Wingerd. Die arbeiders wie meer geld soek vir hul werk, kyk juis daarin vas: aardse betaling en rykdom. Hulle is gefokus op die aardse dinge. En dit is wat Jesus juis vir sy dissipels in hierdie gelykenis ook wil leer. Hulle is hier die arbeiders wat al van 6uur die oggend gewerk het, en verwag het hulle gaan eendag meer "betaling" vir hul werk ontvang, want hulle werk langer vir God en doen belangriker werk as die ander. Met ander woorde, hulle dink hulle gaan 'n hoër posisie in die hemel eendag kry. En dis dan waar Jesus eintlik vir hulle probeer verduidelik dat dit glad nie oor status en rykdom gaan in die hemel nie. Almal kry dieselfde "betaling". En omdat almal dieselfde betaling kry, gaan dié wat op aarde baie status het, dit verloor, en dié wie min het weer kry – dié wie eerste is, gaan laaste wees, en dié wie laaste is, gaan eerste wees. En dit is dan wat hierdie gedeelte ons van God leer: Hy is genadig! Hy is hierdie grondeienaar, wat regverdigheid bring. Goed is aan almal rondom hom. 'n God wat ten spyte van wie ons is (status of nie, rykdom of nie), wie ons was, of wat ons al in die lewe gedoen het, dieselfde "betaling" gee omdat Hy ons lief het. 'n God wat so lief is vir ons dat Hyself aan die kruis gesterf het vir ons sonde sodat ons nie die las daarvan hoef te dra nie.

Maar nou is die vraag: moet hierdie genade by God stop? Is genade net iets wat Hy kan doen? Baie keer het ons hierdie idee dat genade net iets is wat God kan doen (al redeneer ons so onbewustelik!). Maar dit is nie so nie – ons as sy kinders kan en *moet* ook genade aan mekaar bewys. Ons moet so in God se voetspore volg en genade in die vorm van vriendelikheid en goedheid, of om 'n guns aan iemand te doen sonder om iets terug te verwag, of om terugbetaling van iemand vir wie jy iets gegee het, terug te hou. So kan ons God se liefde uitleef en Sy koninkryk op aarde 'n realiteit maak!

## Gespreksvrae

1. Wat verstaan jy onder die woorde "die wie laaste is, sal eerste wees, en die wie eerste is sal laaste wees?
2. Hoe sou jy "God se genade" aan iemand verduidelik?
3. Hoe lyk genade prakties vir ons as mens?
4. Aan wie kan jy 'n guns doen (daardie tweede myl loop) in jou lewe?

**Bonus vraag:** Hoe kan jy genade nie net gee nie, maar ook ontvang (van ander mense)?

06/09/2026

ELDORAIGNE FAMILIEKERK
Hiér maak JY saak